KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

Teks vir die week:
Mat 5:14 "Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en jul Vader wat in die hemel is, verheerlik."

SAKE VIR GEBED
Dank die Here vir reën wat geval het en smeek om sy genade vir reën oral waar dit nog baie droog is.
Juliet MacKenzie sterk aan by die huis. Sy bedank al die omgee-vriendinne wat haar bygestaan het.
Irma Loots ontvang behandeling.
Martha le Roux sukkel baie met haar gesondheid. Bid ook vir haar man Gawie.
Hartman Potgieter is in die hospitaal.

* Ons bid steeds vir ons gemeente se aktiwiteite vir die eerste kwartaal en bid dat alles tot eer van die Heer sal geskied.

* Bid ernstig vir die bendegeweld in die Noordelike Gebiede. Ons prys die Here vir toegewyde polisiemanne/vroue. Bid vir die hele polisiemag.

* Bid vir Kleinskool en al die uitdagings, asook vir veiligheid van almal.

* Ons bid ook vir MTR Smit.

* Zimbabwe gaan deur 'n moeilike tyd. Dra die land en sy mense aan die Here op. Bid vir oplossings en vrede.

* Ons oë is steeds op God gerig vir reën in die droogte geteisterde gebiede in ons land. Ons smeek om genade.

* Ons bid vir PE Noord se beroepingsproses – die aansoeke het reeds gesluit. Ons gebed is dat die regte persoon aangestel sal word.

Gebedsversoek:
*Bid vir gelowiges in Afghanistan, wat in isolasie leef … baie van hulle is heeltemal afgesny van kontak met ander Christene.

SONDAG 3 FEBRUARIE 2019

08:30 Eietydse diens (dr Deon Els)
Kleuterkerk
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens (dr Deon Els)
Baie geluk aan Hannes en Joukje le Roux met die doop van JD in die eietydse diens
Deurdankoffer - Sinodaal Getuienis

Teebeurt vandag: Papawer sel
Teebeurt 10 Februarie: Kappertjie sel

MAANDAG 4 FEBRUARIE
09:30 Biduur KKU
12:45-14:00 Gebedskild in die gebedskamer.
18:00 Administrasie diensterrein
DINSDAG 5 FEBRUARIE
11:00 Diens Stella Londt
Leefkerk

MANNEBYEENKOMS VRYDAG 8 FEBRUARIE
05:00 by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 10 FEBRUARIE
Week van gebed begin. Eredienste om 08:30 en 10:00.

WEEK VAN GEBED
Johan Smith, wat 'n hart vir gesinne het, kom lei ons week van gebed vanaf **Sondag 10 Feb tot 13 Feb .** Daar sal ook 'n plek wees waar die kinders kan saamkuier. Die tema van die week van gebed is:
Gesinne: oase of woestyn

Sondagoggend 08:30 en 10:00	Die Woord oor die gesin
Sondag 19:00	Gesonde gesinsverhoudinge
Maandag 19:00	Die rol van ma en rol van pa
Dinsdag 19:00 Na afloop van die aandbyeenkoms kuier Johan met jeugleiers, ouers, kerkraadslede en almal wat belangstel.	Maak vol die tenks
Woensdag 19:00	Grense en dissipline

SOMERSTRAND SE EERSTEJAARS VERWELKOMINGSPROGRAM IN FEBRUARIE 2019
Vir meer inligting, kontak René by 073 043 9386.

MEDIA DIENS
Na afloop van die eietydse erediens is daar boeke, CD's, DVD's ens beskikbaar by die kas in die maalruimte.
Maak gerus daar 'n draai. Ons het ook mense nodig wat daar kan help. U kan Adelé Saunders by 072 333 2207 skakel.

There4-Bedieninge bied aan :
2de Geestelike Groei Kursus

Aandag: Alle Dames

Julle word uitgenooi na ons volgende Geestelike Groei kursus. Jy is baie welkom al het jy nie die 1ste kursus bygewoon nie. Dit gaan weekliks aangebied word; kies jou tydsgleuf; ons begin vanaf:

Dinsdag 12 Februarie '19 - 09:00 tot 10:00; OF
Woensdag 13 Februarie '19 - 19:00 tot 20:00.

Laat weet asb die kantoor by 041 360 1946 indien jy dit kan bywoon.

NUWE INTREKKERS

Vul asb die groen vorm in die voorportaal in. U kan ook met die kerkkantoor kontak by tel 041-3601484 of 'n e-pos aan Anita by admin@ngkraggakamma.co.za stuur.

There 4 Bedieninge bied aan :

*'n ***Kreatiewe Werkswinkel*** waar ons kaartjies van bemoediging maak vir gelowiges in die Midde-Ooste en Noord-Afrika.
Dinsdag 19 Februarie 2019 vanaf 10:00-12:00
Saterdag 23 Februarie 2019 vanaf 10:00-12:00

*Reise waar jy gelowiges wat in vervolging leef kan versterk:
Sendingreis na die Midde-Ooste en twee ***Damesbedieningsreise*** na die Midde-Ooste asook Noord-Afrika.

Kontak gerus ons kantoor by 041 360 1946 of stuur vir ons 'n e-pos na support @there4ministries.org indien jy belangstel

MAART MALLIGHEID

Oor 4 weke is dit 1 Maart en ons Maart-Malligheid gemeente konsert. Ons soek items van gemeentelede en kleingroepe. Dit sal die organisasie makliker maak as ons voor die einde van Januarie of ten minste die begin van Februarie weet watter groepe beplan om aan Maart Malligheid deel te neem, al weet hulle nog nie presies wat hulle gaan doen nie.
Maart-malligheid is 'n gemeente pretaand en dit sal lekker wees as soveel as moontlik mense betrokke is. Die fondse wat ingesamel word, gaan vir Kleinskool Inisiatief se studiefonds. Vanjaar het ons twee kandidate wat moontlik 'n BA graad wil doen, een student is in haar tweede jaar by Dower Kollege en Nangamso wil die pastorale kursus by Word of Faith doen. Twee goeie leerders is ingeskryf by Otto du Plessis en drie by Cilliers. Ons stuur agt mense om die kinderbediening-opleiding by PE Wes te ondergaan en ongeveer tien om opleiding in werks-etiek, w[redacted] administrasie en basiese rekenaar vaardigheid by Sia Sebenza (Work for a Living) te doen.
Baie dankie vir julle ondersteuning.
Margita Marx (0823374336)

KOSTERPOS

Ons huidige koster tree aan die einde van Maart af. Aansoeke vir die kosterpos kan voor of op Vrydag **8 Februarie 2019 om 12:00** by die kerkkantoor ingehandig word of per e-pos aan kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za gestuur word. Stuur asb 'n kort motivering vir u aansoek, 'n CV en die name en kontakbesonderhede van ten minste 2 onlangse referente.
'n Koster is 'n persoon met goeie mens-, organisasie- en bestuursvaardighede en moet ook kleiner herstelwerk kan doen.

MIGHTY MEN 8-10 MAART 2019

Die Mighty Men Oos-Kaap gebeure vind oor 40 dae plaas. Kry al jou inligting by www.mightymeneasterncape.co.za

KATEGESE BOEKE

Graad 1-6 het boeke gekry. Die boeke kos R65-00 per boek. Indien u wil help om ons uitgawes te dek, kan u die bedrag by u kind se kategeet of kerkkantoor inbetaal.

CMR – TERUGVOER KERSETES

Baie dankie vir al die bydraes vir die 2 projekte tydens Desember in Bloemendal area.
Die grootste sukses was die kersfeesete en 350 individue is van maaltye voorsien, asook 100 lekkergoedpakkies vir die kinders.
Die volgende word benodig vir die bejaardes wat tweemaandeliks bymekaarkom om handvaardighede aan te leer: 1x6l melk, 750g koffie, 1x2.5 suiker.
Ons benodig ook asb 22 koffiebekers en 22 bordjies, asook muffin mix.
Dan is daar ook behoeftes vir babas: waslap, seep, wetwipes, room, babadoeke
Kleuters: opvoedkundige speelgoed
Laerskool: skryfbehoeftes
Hoerskool: Onderarmsproei, vroue benodigdhede
Volwassenes: Handdoeke, beddegoed, skoonmaakmiddels.
Enige finansiële bydrae sal waardeer word.

SnapScan

Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..